

ook 'n aantal rolprent- en skyfievertonings aangebied. Die bywoning van vergaderings was deurgaans goed.

Die vierde jaarlikse dinee van die Vereniging is op 4 Junie, 1966, gehou (*Ant. Bull.* 16). Op hierdie geleentheid was die Vereniging vereer deur die teenwoordigheid van die diplomatieke verteenwoordigers van die Verenigde State, die Verenigde Koninkryk, België, Australië, Japan en Frankryk. Dit was voorwaar 'n mylpaal in die lewe van ons Vereniging om hierdie verteenwoordigers in ons midde te hê. Hulle belangstelling getuig van die hegte samewerking op die gebied van Antarktiese wetenskaplike navorsing.

Gedurende Oktober 1966, is 'n Antarktiese dag deur al die Antarktiese Verdragstate gereël. In samewerking met die WNNR en die Departement van Vervoer, het die Vereniging 'n uitstalling in die Wetenskap en Industriemuseum in Pretoria aangebied. By hierdie geleentheid het dr. S. M. Naude, president van die WNNR die openingsrede (*Ant. Bull.* 18), prof. P. H. Stoker 'n lesing oor kosmiese strale, en dr. D. Torr oor "SANAE's contribution to space research" gelewer. Ek wil graag mnre. D. Neethling en Murray Schoonraad, kurator van die W. en I.-museum, sowel as al die komiteede en gewone lede, wat gehelp het om hierdie uitstalling 'n sukses te maak, hartlik herdank. Graag wil ek my dank betuig aan die Departement van Vervoer wat ons voorsien het van 'n groot aantal uitstallingsitems, soos 'n model van die RSA en die nuwe Antarktiese klere. Besonder dank aan BP Suid-Afrika, ons borge, vir puik foto-afdrukke van Antarktiese tonele en aangeleenthede. Gedurende die drie dae van die uitstalling is ook rolprente, wat goedgunstiglik deur die Departement van Vervoer en die Britse Ambassade geleen is, aan die publiek en skoliere vertoon. Daar was ook gepoog om lesings en rolprentvertonings in ander groot sentra te reël. Weens die akademiese aktiwiteite van ons lede was dit egter nie moontlik nie, behalwe in Durban waar ons getroue lid, mnre. Willie Kotze, die aanvoorwerk gedoen het, en daardeur ook daadwerklik 'n bydrae gelewer het om lesings en rolprentvertonings te hou. Aan hom en sy helpers ons opregte dank.

'n Aantal van ons lede was in die bevoorregte posisie om in Kaapstad kennis te maak met lede van die Belgies-Hollandse en die Japanse-Antarktiese ekspedisies. Graag wil ek dit in die midde van die nuwe bestuur lê om die moontlikheid te ondersoek om ook hier in Pretoria met terugkerende ekspedisies kennis te kan maak.

Laat my toe om die Medalje-komitee te komplimenter op die wyse waarop hulle hul taak verrig het. Daar is talle vergaderings gehou om tot 'n finale beslissing te geraak. 'n Spesiale woord van dank aan prof.

P. Stoker, voorsitter van die komitee, wat so dikwels van Potchefstroom oorgekom het om die besprekings te lei.

As prof. Stoker has announced earlier in the evening the Antarctic Medal has been awarded this year to Dr. Douglas G. Torr, who was a member of SANAE IV. On behalf of the members of the Association I offer my heartiest congratulations to him on this distinguished award, and also on the achievement to have been the first South African who has gained a Ph.D. degree on work done in Antarctica. Let us not forget the important role played by Marsha Harding, also a physicist and now Mrs. Torr, in assisting him to gain this achievement.

The Association has made full use of the press and radio to announce the activities of the Association. Through these two media and the *Antarktiese Bulletin* great interest in Antarctic activities has been aroused, especially amongst the youth amongst whom the *Bulletin* has been widely distributed. To BP South Africa our heartiest appreciation for their sponsoring of both the **Bulletin** and the **Antarctic Medal**.

As voorsitter wil ek my opregte dank betuig aan die lede van die komitee, en in besonder aan die sekretaris, vir hulle gewillige hulp en diens. Aan al die lede van die Vereniging baie dankie vir u belangstelling en getroue ondersteuning gedurende die afgelope jaar.

JAPANESE ICEBREAKER FUJI AGB 5001

PRINCIPAL PARTICULARS

Completed July 1965 at Yokohama, Japan

Standard displacement:	7,760 tons
Length:	328 feet
Width:	72 feet
Depth:	39 feet
Draft:	27 feet
Speed:	16.5 knots
Cruising Radius:	15 knots—15,000 miles
Machinery:	Diesel electric propulsion, 2-shafts
Horsepower:	12,000 PS; M.A.N. V8V, 30/42 AL
Crew:	34 Officers, 148 Enlisted men, 40 Scientists, a few Observers
Aircraft:	3 Helicopters